HANDLEIDING

Voorberei ingevolge Artikel 14 van

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)

vir

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PARKE (SANParke)

1. BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 14 **2**

A. Die funksies en struktuur van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke) [Artikel 14(1)(a)] *2*
i. Die funksie van SANParke 2
ii. 'n Skematiese diagram van die struktuur van SANParke 2
iii. Die struktuur van SANParke 3
iv. Raad van SANParke soos in April 2009 (vir 'n termyn van 3 jaar) 3

B. Kontakbesonderhede [Artikel 14(1)(b) *4*

C. Die Artikel 10 Gids en hoe om die Wet te gebruik [Artikel 14(1)(c)] *5*

D. Toegang tot rekords gehou deur SANParke [Artikel 14(1)(d) *5*
i. Outomatiese bekendstelling [Artikel 14(1)(e)] 5
ii. Rekords wat aangevra mag word [Artikel 14(1)(d)] 6
iii. Die aansoek prosedure 6

E. Dienste beskikbaar [Artikel 14(1)(f)] *8*
i. Aard van dienste 8
ii. Hoe om toegang tot hierdie dienste te bekom 8

F. Reëlings wat voorsiening maak vir openbare betrokkenheid in die formulering van beleid en die uitvoering van magte [Artikel 14(1)(g)] *9*

G. Die remedies beskikbaar indien die bepalings van die Wet nie nagekom word nie [Artikel 14(1)(h)] *9*

H. Ander inligting soos voorgeskryf ingevolge die Wet [Artikel 14(1)(i)] *9*

I. Opdatering van die handleiding [Artikel 14(2)] *9*

J. Beskikbaarheid van die handleiding [Artikel 14(3)] *10*

K. Vrystelling deur die Minister van Justisie van bepalings van hierdie afdeling [Artikel 14(5)] *10*

1. BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 14

A. Die funksies en struktuur van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke) [Artikel 14(1)(a)]

i. Die funksie van SANParke

Die funksie van SANParke soos omskryf deur Artikel 55 van die National Environmental Management: Protected Areas Act No. 57 van 2003 is om Suid-Afrika se nasionale parke en ander bewarings gebiede wat aan SANParke opgedra is te beskerm, te bewaar en te beheer en om die gebiede volgens die wet te bestuur.

ii. 'n Skematiese diagram van die struktuur van SANParke



iii. Die struktuur van SANParke

SANParke bestaan uit 'n hoofkantoor geleë in Groenkloof, Pretoria en twee en twintig nasionale parke. Besonderhede van die onderskeie nasionale parke is beskikbaar op SANParke se webtuiste www.sanparks.org en by sentrale besprekings.

Die raad van SANParke bestaan uit 9 tot 12 lede insluitend die voorsitter sowel as die Hoof Uitvoerende Beampte en die Hoof Finaniele Beampte van SANParke. Lede word vir 'n termyn van 3 jaar aangestel.

iv. Raad van SANParke soos in April 2009 (vir 'n termyn van 3 jaar)

Die Raad van SANParke is die hoogste besluitnemende liggaam van SANParke en word deur die Minister van Omgewingsake aangestel.

Lede van die Raad

Titel	Naam	Van	Posisie
Mnr	Kuseni	Dlamini	Hoof Uitvoerende Beampte: Old Mutual (SANParke se Voorsitter))
Prof	Willem	Van Riet	Vise-Voorsitter: Internasionale Betrekkinge, Stigting vir Vredesparke: sy termyn het in 2010 verstryk
Mnr	Jerry	Vilakazi	Hoof Uitvoerende Beampte: Business Unity SA
Prof	Gerald	Swan	Prof & Dekaan Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria
Mnr	Fundisile	Mketeni	Adjunk Direkteur Generaal: Biodiversiteit & Bewaring: Departement van Omgewingsake
Mnr	Marius	Diemont	Vennoot: Webber Wenzel Prokureurs
Mnr	Themba	Mabilane	Hoof Finansiele Beampte: SANParke
Me	Bongi	Kunene	
Prof	Graham	Kerley	Direkteur, Sentrum vir Afrika Bewarings Ekologie, Departement Dierkunde, Nelson Mandela Metro Universiteit
Dr	David	Mabunda	Hoof Uitvoerende Beampte: SANParke
Me	Sizeka	Rensburg	Besturende Direkteur: SMR Consulting Services
Dr	GC	Dry	President van Wildlife Ranching SA

Uitvoerende Bestuur van SANParke

Die Raad vervul sy funksie deur verskeie departemente waarvan die hoof uitvoerende beampte, Dr David Mabunda, die hoof is. Die uitvoerende bestuurders en hoofde van departemente is verantwoordelik vir die dag-tot-dag bestuur van die organisasie.

Dr David Mabunda	Hoof Uitvoerende Beampte
Pauline van der Spuy	Hoof: Kantoor van die Hoof Uitvoerende Beampte en Raadsekretaris
Abe Sibaya	Uitvoerende Bestuurder: Nasionale Kruger Wildtuin
Themba Mabilane	Hoof Finansiele Beampte en Korporatiewe Ondersteuningsdienste
Glenn Phillips	Uitvoerende Bestuurder: Toerisme en Bemarking
Paul Daphne	Uitvoerende Bestuurder: Parke
Dr Hector Magome	Uitvoerende Bestuurder: Bewaring en Mense en Bewaring
Leonard Mavuso	Uitvoerende Bestuurder: Menslike Hulpbronne
Wanda Mkutshulwa	Hoof: Korporatiewe Kommunikasie
Hannes Combrink	Hoof: Korporatiewe Dienste

B. <u>Kontakbesonderhede</u> [Artikel 14(1)(b)

Inligtingsbeampte:

Dr David Mabunda
Hoof Uitvoerende Beampte

Tel: (012) 426-5000
Faks: (012) 343-9959

Adjunk Inligtingsbeampte:

Me Pauline van der Spuy
Hoof: Kantoor van die Hoof Uitvoerende Beampte en Raadsekretaris

Tel: (012) 426-5000
Faks: (012) 343 9959

Algemene Inligting:

Adres: SANParke
Leydsstraat 643
Muckleneuk
PRETORIA

Posadres: SANParks
Posbus 787
PRETORIA, 0001
SUID-AFRIKA

Telefoon: (012) 426-5000
Faks: (012) 343-9959
Webtuiste: www.sanparks.org

Pretoria sentrale besprekings:

Telefoon: (012) 428-9111
Faks: (012) 343-0905

C. Die Artikel 10 Gids en hoe om die Wet te gebruik [Artikel 14(1)(c)]

Die gids is by die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie beskikbaar.

D. Toegang tot rekords gehou deur SANParke [Artikel 14(1)(d)

i. Outomatiese bekendstelling [Artikel 14(1)(e)]

'n Kennigewing ingevolge Artikel 15(2) beskryf die kategorieë rekords van SANParke wat beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te vereis ingevolge hierdie Wet. Geen kennisgewing ingevolge Artikel 15(2) is al uitgereik nie.

Die volgende kategoriee rekords van SANParke is outomaties beskikbaar as inligting:

NAAM	AARD VAN REKORD	BESKIKBAARHEID
Go Wild	Interne personeel nuusbrief	Beskikbaar by Hookantoor of enige ander nasionale park teen voorgeskrewe reproduksiekoste
Koedoe	Wetenskaplike joernaal	Beskikbaar aanlyn op www.koedoe.co.za of van Hoofkantoor teen voorgeskrewe reproduksiekoste
Jaarverslag	Jaarverslag	Beskikbaar by Hoofkantoor teen voorgeskrewe reproduksiekoste.
Brosjures	Tourisme inligting oor nasionale parke en fasiliteite	Gratis beskikbaar by enige SANParke besprekingskantoor

ii. Rekords wat aangevra mag word [Artikel 14(1)(d)]

Beskrywing van onderwerpe van rekords gehou deur SANParke

- Rekords vereis ingevolge die National Environmental Management: Protected Areas Act, no 57 of 2003;
- Rekords vereis ingevolge ander wetgewing van toepassing op SANParke;
- Dienste gelewer deur SANParke;
- Kliente van SANParke;
- Navorsing onderneem;
- Notules van vergaderings;
- Jaarverslae;
- Operasionele verslae;
- Beleidsdokumente;
- Indiensnemingsrekords en ander verwante rekords;
- Bateregister;
- Finansiele rekords;
- Strategiese en bestuursplanne;
- Rekords van werkswinkels en konferensies bygewoon;
- Referate gelewer;
- Argiefmateriaal.

Beskrywing van kategorieë van rekords gehou deur SANParke

- Vertroulik;
- Persoonlik;
- Kommersieel;
- Finansieel;
- Statuter;
- Regswetlik;
- Histories.

iii. Die aansoek prosedure

'n Aansoeker moet toegang gegee word tot 'n rekord van 'n openbare liggaam indien die Aansoeker voldoen aan die volgende:

- Die Aansoeker voldoen aan al die proseduriële vereistes van die Wet met betrekking tot die versoek vir toegang tot daardie rekord; en

- Toegang tot daardie rekord is nie geweier op enige grond vir weiering soos voorsien in die Wet nie.

Aard van die versoek:

- 'n Aansoeker moet die vorm gebruik wat verskyn in Staatskoerant R187 van 15 Februarie 2002 [Vorm A].

- Die Aansoeker moet ook aandui of die versoek ‘n versoek is vir ‘n afskrif van die rekord en indien nie of die Aansoeker na die rekord wil kom kyk by die kantore van die openbare liggaam. Alternatiewelik, indien die rekord nie ‘n dokument is nie kan dit in die formaat soos versoek besigtig word waar moontlik [Artikel 29(2)].

- Indien ‘n persoon vir toegang op ‘n besondere manier vra dan behoort die Aansoeker toegang te kry op die manier waarvoor aansoek gedoen is tensy voldoening daaraan onredelik sou inmeng met die bedryf van ‘n openbare liggaam of die rekord sal beskadig of inbreuk sou maak op kopiereg wat nie deur die Staat besit word nie. Indien daar om praktiese redes nie toegang gegee kan word op die wyse waarop versoek is nie maar op ‘n alternatiewe manier, dan moet die fooi vir toegang bereken word ingevolge die manier waarop die Aansoeker in die eerste plek daarvoor gevra het [Artikel 29(3) en (4)].

- Indien die Aansoeker benewens ‘n skriftelike antwoord op sy versoek vir ‘n rekord ook op ‘n ander wyse van die besluit ingelig wil word (byvoorbeeld per telefoon) moet dit so aangedui word [Artikel 18(2)(e)]

- Indien ‘n Aansoeker die inligting namens iemand anders versoek, moet die hoedanigheid waarin die versoek gerig word, aangedui word [Artikel 18(2)(f)].

- Indien die Aansoeker nie kan lees of skryf nie of gestrem is, kan die persoon die versoek mondelings rig. Die inligtingsbeampte moet dan die vorm namens so ‘n aansoeker invul en hom ‘n afskrif daarvan gee [Artikel 18(3)].

Daar is twee soorte fooie betaalbaar ingevolge die Wet synde die versoekfooi en toegangsfooi [Artikel 22]:

‘n Aansoeker wat toegang verlang tot ‘n rekord waarin persoonlike inligting oor die Aansoeker vervat word, word nie vereis om ‘n versoekfooi te betaal nie. Elke ander Aansoeker moet die vereiste fooi betaal:

- Die Inligtingsbeampte moet die Aansoeker in kennis stel van die fooi en vereis dat die Aansoeker die voorgeskrewe fooi (indien enige) betaal alvorens die versoek verwerk word.

- Die aansoekfooi betaalbaar aan openbare liggame is R35,00. Die Aansoeker mag ‘n interne appèl, waar toepaslik, loods of aansoek by die Hof doen teen die tender of betaling van ‘n aansoekfooi.

- Na die Inligtingsbeampte ‘n besluit geneem het oor die versoek moet die Aansoeker in kennis gestel word van so ‘n besluit op die manier waarin die Aansoeker kennis vereis het.

- Indien die versoek toegestaan word dan moet ‘n verdere toegangsfooi betaal word vir die soek, voorbereiding, repredisering en vir enige tyd

wat die voorgeskrewe ure vir soek en voorbereiding van die rekord vir blootstelling oorskry het.

E. Dienste beskibaar [Artikel 14(1)(f)]

i. Aard van dienste

SANParke voorsien akkomodasie en dagbesoek dienste in nasionale parke aan lede van die publiek.

ii. Hoe om toegang tot hierdie dienste te bekom

Om toegang tot die dienste van SANParke te bekom kan gebruik gemaak word van die volgende kanale:

SANParke se korporatiewe webtuiste www.SANParks.org

Hierdie webtuiste bied:

- Omvattende inligting oor die parke en die verskeidenheid akkommodasie beskikbaar
- Inligting oor die akkommodasie beskikbaar vir enige datum(s) oor die volgende 12 maande, asook ‘n lys van akkommodasie beskikbaar vir die volgende naweek op enige gegewe tyd
- Aanlyn besprekings fasiliteit (24/7) wat die publiek in staat stel om ‘n bespreking vir akkommodasie te kies, te betaal en te bevestig in een e-handelstransaksie, om uitstaande fooie vir enige bespreking wat deur ‘n ander kanaal gemaak is, te betaal, om ‘n bespreking te kanselleer of om persoonlike besonderhede te verander.

Pretoria sentrale besprekings:

Telefoon: **(012) 428-9111**
Faks: **(012) 343-0905**

Dagbesoeke kan oor die algemeen by die toegangshekke van nasionale parke gereël word. In spits en ander tye word beperkings egter geplaas op die aantal dagbesoekers wat toegelaat word in nasionale parke en voornemende besoekers word gemaan om vooraf besprekings te maak ten einde teleurstelling te vermy.

Die Hoof Uitvoerende Beampte van SANParke

Dr David Mabunda

Adres: SANParke
Leydsstraat 643
Muckleneuk
PRETORIA

Posadres: SANParks
Posbus 787
PRETORIA, 0001
SUID-AFRIKA

Telefoon: (012) 426-5000
Faks: (012) 343-9959

F. Reëlings wat voorsiening maak vir openbare betrokkenheid in die formulering van beleid en die uitvoering van magte [Artikel 14(1)(g)]

By SANParke sou sulke reëlings vir openbare betrokkenheid die volgende insluit:

Nominering van lede van die Raad - ingevolge die National Environmental Management: Protected Areas Act No. 57 van 2003 kan lede van die publiek mense nomineer vir aanstelling tot die Raad en so genomineer word vir sodanige aanstelling.

Openbare deelname ingevolge omgewingswetgewing - die publiek mag deelneem aan alle omgewingsimpakprosedures wat SANParke wetlik moet onderneem.

G. Die remedies beskikbaar indien die bepalings van die Wet nie nagekom word nie [Artikel 14(1)(h)]

SANParke het nie ‘n interne appèl prosedure nie. Die Howe sal in sulke gevalle genader moet word. Dit sou geld vir enige situasie waar ‘n Aansoeker teen ‘n besluit van die Inligtingsbeampte wil appelleer.

H. Ander inligting soos voorgeskryf ingevolge die Wet [Artikel 14(1)(i)]

Daar is tans geen inligting vanaf die Minister ingevolge Artikel 92 beskikbaar om hier in te voeg nie.

I. Opdatering van die handleiding [Artikel 14(2)]

SANParke moet, indien nodig, die handleiding ten minste eenkeer per jaar opdateer en uitgee.

J. Beskikbaarheid van die handleiding [Artikel 14(3)]

Die Regulasies van 15 Februarie 2002 skryf voor dat die handleiding van ‘n openbare liggaam in elk van die drie ampstale wat gebruik word beskikbaar gemaak moet word by enige kantoor van SANParke.

Die handleiding is ook beskikbaar op SANParke se webtuiste.

K. Vrystelling deur die Minister van Justisie van bepalings van hierdie afdeling [Artikel 14(5)]

Om sekuriteits, administratiewe of finansiële redes mag die Minister, op versoek of uit eie beweging, by wyse van kennisgewing in die Staatskoerant enige openbare liggaam of kategorie openbare liggame vrystel van voldoening aan enige van die vereistes van hierdie afdeling vir ‘n tydperk na die Minister se goeddunke. Geen sodanige vrystelling geld ten opsigte van SANParke nie.